

## Sing vooraf staande: Psalm 1:1, 2 (p. 1)

- 1 Welsalig hy wat op die spoor nie gaan / waar sondaars lok; wat op hul pad nie staan, of neersit waar die spotglans in die oog is, / waar spotters vrolik spot met al wat hoog is; maar wat Gods wet in stille mymering, / by dag en nag, weer in gedagt'nis bring.
- 2 Hy is 'n boom wat diep en vas geplant, / sy wortels uitsprei by die waterkant; en mild versorg deur vrugb're lentelugte, / sy volle drag laat sien van somervrugte. Geen onspoed wat hom in sy werk sal stuit: / wat hy begin, voer hy voorspoedig uit.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofpsalm 23-2:2 (p. 108)

- 2 Ek vrees geen kwaad, al kom die skadu's nader, / wat in die doodsvallei om my vergader; U bly in al my teëspoede by my, / u stok en staf vertroos altyd en lei my. Waar haters loer, stel U tot my beskikking / 'n tafel tot versading en verkwikking.

## Gebed

- *Doksologie:*
- *Aanbidding:*
- *Skuldbelydenis:*
- *Vergifnis:*
- *Dank:*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

**Amen.**

## Psalm 147:3 (p. 706)

- 3 Sing daarom voor die HEER u dank, / psalmsing Hom by die siterklank! Hom wat die lug met wolke oorsprei / en vir die aarde reen berei, wat op die berge gras en kruid, / die voedsel vir die vee laat spruit, die rawe-nes op milde wys / versorg, wanneer dit roep om spys.

Skriflesing: Psalm 115

Teks: Psalm 115; Kategismus Sondag 10

Die saak van die voorsienigheid van God is baie belangrik.

- Hier het die Psalmdigter in die Ou Testament al daarmee geworstel.
- Hy sing hier van die almag van God.
- Hy sing oor die almag van God omdat die heidene eendag vir hom kom vra het: Waar is jou God?

Nou antwoord hy met verontwaardiging dat ons God tog in die hemel is, en dat Hy daar alles doen wat Hom behaag.

- God is onsigbaar. Hy is nie soos die heidene se afgodsbeelde wat gesien kan word nie.
- Maar dit laat ons glad nie twyfel aan sy bestaan nie, want sonder dat ons God gesien kan word, oefen Hy mag uit oor alles wat bestaan.
- Hierteenoor staan die afgode wat gemaakte monde het maar nie kan praat nie en wat hande het, maar geen vermoëns het nie.

Ons God lewe en daarom is Hy tot 'n hulp en 'n skild – die Psalmdigter skryf dit in vers 9, 10 en in vers 11.

- Dit doen hy omdat hy daarmee wil sê dat God onder alle omstandighede vir ons sorg en voorsien.
- God is 'n hulp omdat Hy die satan keer om ons bo ons vermoëns te beproef.
- Die raad van God is so beplan dat daar altyd raad en hulp is vir die kinders van God.

Ons onderskei nou in die voorsienigheid van die Here die volgende:

- Ons sê die voorsienigheid is in die eerste plek die onderhouding en beplanning van God oor die hele wêreld, met alles wat lewe, en selfs die plante en diere en alle stoflike dinge.
  - *Dit noem ons die algemene voorsienigheid.*
- *Dan praat ons verder van die besondere voorsienigheid.*
  - Hiermee bedoel ons dat ons uit die Bybel leer dat die Here meer besondere aandag aan die mense gee.
  - Hy onderhou hulle in die besonder, midde in die res van die skepping.
- Dan onderskei ons in die voorsienigheid nog 'n saak. In die voorsienigheid voorsien die Here nou dat daar sekere mense is wat deur Hom uitverkies is om eendag in sy koninkryk versamel te word.
  - Onder die mense sien ons dat daar deur die Here 'n verdeling is – sommiges is bestem om uiteindelik in die verderf te wees, terwyl ander in sy heerlijkheid gaan deel.
  - *Dit noem ons die allerbesondere voorsienigheid* – die feit dat die Here onder die mense vir die uitverkorenes beter onderhouding verskaf as vir die res.

In Kategismus Sondag 10 praat ons in ons belydenis van al hierdie wyses van voorsienigheid.

- Dit gaan met ander woorde hier oor die volle raad van God.
- Dit het 'n pragtige betekenis vir ons! Dit beklemtoon die feit dat God nie onpersoonlik oor die hemel en aarde regeer nie.

God regeer nie per toeval nie.

- Alle dinge kom oor ons omdat die hemelse Vader hulle met sorg uitgewerk en vir ons beplan het.
- So sorg die Here **persoonlik** vir ons.
- Alle toestande kom deur die voorsienigheid van God oor ons. Wanneer die satan kwaad oor ons bewerk, dan voorsien die Here die krag om so 'n beproewing te kan verduur en ook die middele om die kwaad te kan oorkom.

Dis die genade van God se verbond:

- Hy sorg nie net vir die wêreld nie.
- Hy is ook teenwoordig in die wêreld en so is Hy in die daaglikse lewe ons God.
- Hy kyk hier met groot liefde en ontferming na ons.
- Selfs in die oomblikke van die grootste gevaar verloor ons God ons nie uit die oog nie. Hy bly – om die Psalmdigter se woorde te gebruik – ons hulp en ons skild.
  - Hy is ons hulp omdat Hy help en voorsien in die nood.
  - Hy is ons skild omdat Hy die gevaar van ons afweer.

Ons lees hier in Psalm 115:3 dat die Here alles doen wat Hom behaag.

- Prakties beteken dit maar net dat die Here nie voorgeskryf kan word nie.
- Daar is nie 'n mag wat God kan bind of voorskryf sodat Hy nie kan doen wat Hy wil nie.
- God is almagtig en alomteenwoordig in sy krag. Daar is geen plek waar die kragte van God nie kan kom nie en daar is ook geen weerstand wat Hy nie kan afbreek nie.

Daarom is dit waar dat die voorsienigheid van die Here vir die gelowiges tot skild en hulp is. Hy onderhou die hele skepping met hierdie goddelike wysheid van sy raad.

Die eer van God word ook in die voorsienigheid verkondig.

- Dit is tot heerlikheid van sy Naam dat die lower, gras en die natuur aan God se raad gehoorsaam is.
- Dan moet ons ook die eer van God se Naam heilig deur die voorsienigheid tot ons troos en verlossing te aanvaar en Hom daarvoor te prys.

Niks gebeur per toeval nie. Hoeveel keer loën ons die Here nie op hierdie saak nie – dis nou as ons sê “toevallig het dit of dat gebeur”?

- Ons bely in ons geloofsbelydenis dat daar niks per toeval gebeur nie.
- Maar ons maak dikwels die fout om somer baie keer te praat asof dinge toevallig gebeur.

Dis 'n fout omdat ons in die praktiese uitlewing van ons godsdiens die suiwerheid van ons belydenis moet handhaaf!

- As ons dit nie doen nie, loën ons dat die Here elke ding beplan het, al doen ons dit in “onskuldige” taalgebruik – soos ons dit doen.
- Dit is nie werklik so onskuldig nie, want so 'n uitspraak ontken die almag van God.

Die Here word deur sulke ondeurdagte taalgebruik afgebreek tot 'n halfmagtige Wese wat net soms oor sekere dinge beskikking het. Ons moet waak dat ons nie hierdie fout maak nie.

In ons tyd is dit besonder van belang dat ons vir ons eie versterking moet let op die feit dat die Here in die besonder voorsien vir die kerk – sy volk.

- Vers 11 sê mos dat die Here 'n hulp en 'n skild is “vir die wat Hom vrees”.
- En vers 10 voeg dié by “wat op die Here vertrou”.

Die wat die Here ken en vrees en vertrou op sy wil en voorsienigheid, weet dat daar selfs in die donkerste tye wat kom, vir hulle in die besonder genade geskenk word.

- Ons is tog vrygekoop in Jesus Christus, en in Hom is hierdie beloftes van die voorsienigheid en die raad van God bewys en vervul.
- Daar is geen rede dat enigeen van ons hieraan sal twyfel nie, want dis logies dat God besondere bemoeienis met ons sal maak juis omdat ons deur die bloed van Christus aan Hom behoort.

By die Here ontvang ons nie genade volgens ons stand of ons rykdom nie.

- Hy seën die wat glo.
- Daarom moet ons almal in ons voorspoed dankbaar wees.
  - In voorspoed verskaf die Here sy hulp en sy seën.
  - Dit is sekerlik 'n baie duidelike openbaring van sy liefde.

In ons teëspoede is ons nog steeds onder die genadige beskerming van God.

- Ons kom tog uiteindelik ongeskonde uit die stryd – kyk maar terug wanneer daar 'n beproewing was.
- Elke keer kom ons anderkant uit – ons raak nie langs die pad verlore nie!
- Daarom moet ons geduld aan die dag lê en nie teen die wil van God opstandig raak wanneer daar beproewinge in ons lewe opduik nie!

*God bly onder alle omstandighede ons Vader wat die lewe onder alle omstandighede vir ons ten beste beskik. Daarom moet Hy ook met sy raad en voorsienigheid in ons lewens ingryp.*

Die opvoeding van ons wat aardse ouers is, is teenoor ons kinders ook nie net vol vreugde nie.

- Soms moet ons ook tot die smarte van tug oorgaan om hulle te skool en op te voed.
- Presies net so werk ons hemelse Vader – Sy wil bepaal ons voorspoed, maar ook ons beproewinge.

Elke beproewing – tot in die fynste besonderheid – word deur die raad van die Here vasgestel. En so gebeur dit dan ook. Elke saak word vir elke gelowige afsonderlik vasgestel. En vir geeneen gaan die beproewinge buite sy vermoë nie. So behoed die Vader ons.

Dink aan 1 Korintiërs 10:13

**Geen versoeking het julle aangegryp behalwe 'n menslike nie; maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra.**  
(1 Korintiërs 10:13 AFR1953)

Maar die voorsienigheid van God beskik ook oor ons wanneer ons dwaal en God verlaat.

- Wanneer ons godsdienst verslap, is dit die Here wat ons behou en ons terugbeweeg na Hom toe.
- Die raad van God staan so vas dat ons nooit onder die genade van die Here kan uitbeweeg nie. Wat 'n geweldige troos is dit nie!

Hierdie raad van die Here bepaal dat ons sal bid vir ons behoeftes en dat ons gebede verhoor sal word.

- Van ons kant af moet daar dan alleen die hoogste waardering en grootste dankbaarheid wees:
  - vir die almagtige krag van ons Vader wat ons te alle tye uit die hemel regeer, en
  - vir hierdie genadige voorsienigheid wat tot ons verlossing is.

Laat hierdie leer van die voorsienigheid ons tot vertrou op die Here beweeg.

- Laat ons alle kleingeloof aflê.
- Laat hierdie beloftes in die Almagtige se raad ons tot gebed aanspoor.
- En tot arbeid, want ons werk tot eer van die Here.
  - Dit maak nie saak wat ons verrig of waar ons werk nie.
  - Ons werk tot die eer van die Here wat alle goeie dinge in sy raad vir ons vasgelê het.

Kom ons lees die Heidelbergse Kategismus Sondag 10 saam:

**Vraag 27: Wat verstaan jy onder die voorsienigheid van God?**

**Antwoord:** Die almagtige en oralteenwoordige krag van God (a) waardeur Hy hemel en aarde en al die skepsels asof met sy hand nog onderhou en so regeer (b) dat lower en gras, reën en droogte (c), vrugbare en onvrugbare jare, voedsel en drank, gesondheid en siekte (d), rykdom en armoede (e) en alles, ons nie per toeval nie, maar uit sy Vaderhand toekom (f).

(a) Hand 17:25-28; Jer 23:23, 24; Jes 29:15, 16; Eseg 8:12. (b) Heb 1:3. (c) Jer 5:24; Hand 14:17. (d) Joh 9:3. (e) Spr 22:2. (f) Matt 10:29; Spr 16:33.

**Vraag 28: Wat baat dit ons dat ons weet dat God alles geskep het en dit nog deur sy voorsienigheid onderhou?**

**Antwoord:** Dat ons in alle teëspoed geduldig (a) en in voorspoed dankbaar (b) kan wees. Verder dat ons ook vir die toekoms 'n vaste vertrouwe in ons getroue God en Vader (c) kan stel dat geen skepsel ons van sy liefde sal skei nie (d), aangesien alle skepsels so in sy hand is dat hulle sonder sy wil nie kan roer of beweeg nie (e).

(a) Rom 5:3; Jak 1:3; Ps 39:10; Job 1:21, 22. (b) 1 Tess 5:18; Deut 8:10. (c) Ps 55:23; Rom 5:4. (d) Rom 8:38, 39. (e) Job 1:12; 2:6; Spr 21:1; Hand 17:2.

**Amen.**

Slotgebed

Slotpsalm 62:4 (p. 302)

- 4 Maar jy, my siel, swyg stil voor God, / beskikker van jou lewe en lot,  
wat nooit sy woord ontroou sal wees nie. / God is my rots, 'n skans vir my,  
Hy sal my voetstap veilig lei, / ek hoef geen wankeling te vrees nie.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Hulpdienspredikant  
Gereformeerde Kerk Clanwilliam  
Datum: 4 Maart 2012